

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE FONDAMENT VAN ONS GELOOF

Die skrywer Thomas Paine (1773 tot 1809) het gesê: *The Bible is a book that has been read more and examined less than any book that ever existed.* Die Skrifte (die Bybel) is ook die boek wat in meer tale as enige ander boek vertaal is. In talle huishoudings is daar selfs meer as een kopie van die Skrifte. Ten spyte hiervan is daar baie min Christene wat aan die vereistes van 2 Tim. 2:15 voldoen, naamlik:

Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoeft te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.

In die *Amplified Bible* lees hierdie teksvers soos volg:

Study and be eager and do your utmost to present yourself to God approved (tested by trial), a workman who has no cause to be ashamed, correctly dividing – rightly handling and skilfully teaching – the Word of the Truth.

Die vraag wat elkeen behoort te vra is die volgende: *Kan ek voor die Vader staan as iemand wat Sy woord van die waarheid reg sny (verstaan, toepas en ander leer)? Kan jy Skriftuurlike bewys lewer van dit wat jy glo? Is dit wat jy glo kennis wat jy deur selfstudie van die Skrifte bevestiging voor gekry het, of maak jy staat op die kennis van ander mense?*

Dit word algemeen aanvaar dat die Skrifte (die Bybel) die openbaring is van die enigste en ware lewende God wat die Almagtige, Alwetende, Alwyse en Alomteenwoordige Skepper van hemel en die aarde is. Die Skrifte word beskou as die woorde van YHVH aan die mensdom. Hierdie woorde vorm die basis van die mens se verhouding met Sy Skepper *en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus* (2 Tim. 2:16 en 17).

Toe Paulus hierdie woorde aan Timotheüs geskryf het, en ook gesê het dat die hele Skrif deur God ingegee is (2 Tim. 3:16), het hy na die Skrifte van die ou verbond verwys, want dit is al wat op daardie stadium beskikbaar was. Die Skrifte van die ou verbond (ou testament) is dus *nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid*, en dit is hierdie Skrifte wat van elkeen 'n volkome mens volgens YHVH se plan sal maak, terwyl dit ook elkeen volkome sal toerus vir elke goeie werk.

Hierdie Woord van YHVH het vlees geword en as Yeshua Messias verskyn (Joh. 1:1 en 14) om alles wat YHVH in die ou verbond gesê het te bevestig en weer nuut te maak (te herstel en vol te maak) (Matt. 5:17).

Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun. Heb. 1:1.

Die woorde wat Yeshua gespreek het is dieselfde woorde as wat YHVH *op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete*. YHVH is gister en vandag dieselfde tot in ewigheid (Heb. 13:8). Dit is 'n lewende woord wat tot in ewigheid bly (1 Pet. 1:23 en 25) en by YHVH is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak.1:17). Dit is alleenlik deur hierdie woorde wat die mens YHVH waarlik kan ken.

En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die een, waaragtige Elohiem, en Yahshua die Messias wat U gestuur het. Joh. 17:3 (Woord en Getuienis)

Die betekenis van die woord *ken* (Strong's G1097) is nie net om te weet van nie, maar om *te ken* op 'n baie persoonlike en intieme wyse. Om YHVH as Vader en Yeshua as Messias *te ken* is dus om die Vaderhart te verstaan. Om die Vaderhart egter waarlik te ken en te verstaan is alleenlik moontlik deur YHVH se Woorde, naamlik die Afgesonderde (Heilige) Skrifte, te bestudeer en dit deel van jou lewe te maak.

Hierdie boek van die Torah mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel ooreenkomstig alles wat daarin geskryf staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel. Jos. 1:8

Hoe beter jy die geheimenisse van YHVH se woorde ken, verstaan en doen, hoe beter sal jou verhouding met die Vader wees en hoe groter (standvastiger) jou geloof (vertroue) in Hom en hoe meer oorvloedig sal jy geseën word.

Die standvastigheid en sukses van enige verhouding word bepaal deur hoe goed die twee partye in 'n verhouding mekaar ken. In dié verband moet ons onthou dat YHVH ons beter ken as wat ons onself ken, en derhalwe word die sukses van ons verhouding met ons Skepper bepaal deur hoe goed ons Hom ken!! Hoe goed jy YHVH jou Elohiem (God) en Vader, asook Yeshua Messias, die vlees-geworde Woord van YHVH, gaan ken, word derhalwe deur jouself bepaal. Dit is in jou hande en jou besluit!! Vader YHVH sal die verhouding so ver neem as wat jy gewillig is om te gaan!

Begin by die begin.

Wanneer jy 'n boek lees begin jy nie aan die einde van die boek lees nie, maar wel by die begin. Dit wat aan die begin, en in die daaropvolgende bladsye geskryf staan, sal sinvolle betekenis aan die einde van die boek gee. Dieselfde geld ten opsigte van YHVH se woord. Hoe beter ons die begin, naamlik die ou verbond, verstaan, hoe beter sal ons die einde, naamlik die nuwe (hernieu)de verbond verstaan. In dié verband het die profeet Jesaja die volgende gesê:

Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen; wat 'n roofvoël roep uit die Ooste, die man van my raad uit 'n ver land; soos Ek dit gespreek het, sal Ek dit ook laat kom; Ek het dit voorberei, Ek sal dit ook doen.

Dit beteken dat in die ou verbond is die nuwe verbond verskuil en dat die nuwe verbond die ou verbond bevestig en openbaar. Die ou verbond is die skadubeeld en heenwysing na die nuwe verbond. Die wortels van die gelowiges van die nuwe verbond is dus te vinde in die ou verbond. Daarom het Paulus aan Timotheüs geskryf en gesê:

*Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige **Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in die Messias Yeshua..** 2 Tim. 3:14 en 15.*

Soos reeds genoem, is die heilige Skrifte waarna Paulus verwys die ou verbond (testament). Hierdie is dus bevestiging dat in die Skrifte van die ou verbond is die onderrig tot saligheid deur geloof in Yeshua die Messias. Dit sluit aan by wat Yeshua self gesê het:

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo? Joh. 5:46 en 47

Yeshua Messias het ook aan die Emmaüsgangers onderrig uit die Skrifte (ou verbond) gegee aangaande Sy sterwe en opstanding:

En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Messias nie hierdie dinge ly en in sy heerlijkheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het. Luk. 24:25 tot 27

Ons moet dus ook by die begin van YHVH se boek begin, want dit is die fondament van ons geloof. Hierdie fondament is in die Skrifte van die ou verbond gegiet en bestaan uit die eerste vyf boeke van die ou testament, naamlik die Torah (die wet). Ons lees in 1 Kor. 3:11 die volgende:

Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Yeshua die Messias.

Paulus stel dit dus duidelik dat Yeshua die fondament is waarop ons geloof gebou moet word, want Moses het in die wet van Hom geskrywe en die profete bevestig dit:

*Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie **Moses in die wet en ook die profete geskrywe het:** Yeshua, die seun van Josef van Násaret. Joh. 1:46.*

Die apostels en die profete het op hierdie fondament gebou.

*So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die **apostels en profete**, terwyl Yeshua Messias self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Meester, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.*

Ef. 2:19 tot 22.

Die oorsprong van ons geloof in Yeshua is dus in die wet (die Torah) te vinde. Dit is die fondament waarop die profete en die apostels gebou het. Die gemeente van Handeling is op hierdie fondament gebou en ons moet voortgaan met hierdie bouwerk. Ons kan nie 'n ander fondament lê as die een wat reeds gelê is nie. As ons nie op hierdie fondament bou nie, is dit soos

om 'n huis op sand te bou. Die woord van YHVH is die fondament en hierdie Woord is Yeshua Messias – die Lewende Woord – die Torah (onderrig en instruksies) van 'n liefdevolle Vader.

En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot. Matt. 7:26 en 27

Indien die Torah (die wet) as uitgedien beskou word, sal die ware Messias van die nuwe (hernieude) verbond nie herken word nie. Dan word YHVH volgens menslike geregtigheid gedien en nie volgens die geregtigheid van God nie (Rom. 10:2 en 3). Daarom moet elke gelowige in Yeshua terugkeer na die wortels (fondament) van hulle geloof. Begin by die begin van YHVH se woorde aan die mens. Hierdie begin is in Genesis 1:1!!! Wanneer ons die begin verstaan, sal die einde vir ons glashelder word.

Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad. Open. 22:14

ONDERWYSING IN DIE WET

Die wet (die Torah) van YHVH is die hoofbestanddeel van die fondament van ons geloof en daarom moet elkeen deeglik daarin onderrig word. Dit is die sement wat stewigheid aan die fondament gee. En dit is die begin van die groeiproses om YHVH as Vader waarlik te leer ken en te lewe as 'n geregverdigde in Yeshua, Die Gesalfde Een.

My seun, onderhou my woorde en bewaar my gebooie by jou; onderhou my Torah, dan sal jy lewe, en my onderwysing soos jou oogappel; bind hulle aan jou vingers, skryf hulle op die tafel van jou hart. Spr. 7:1 tot 3

Die Torah is YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies. Dit was die fondament van die gelowige onder die ou verbond en dit is steeds die fondament van die gelowige onder die verbond soos deur Yeshua hernu en bevestig is.

Daarom is YHVH se Torah nie wette van moets en moenies nie, maar van onderrig en instruksies vir 'n lewe as geregverdigde. Deur geloof (vertroue) in die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis, word ons gered, maar deur ons Vader se onderrig en instruksies word ons lewens as geregverdigdes egter oor tyd getransformeer om gelykvormig aan die van Yeshua ons Messias te word. Dit is die vernuwung van die gemoed (Rom. 12:2), naamlik om vrug te dra wat by ons bekering pas (Matt. 3:8). Daarom kan Torah ook beskou word as die kennis, die wil en die wysheid van 'n liefdevolle Vader wat Hy aan Sy kinders skenk. Yeshua is ons redding, maar Torah is ons leefwyse van geregtigheid. Dit was van die begin af so en sal vir ewig so wees.

Israel van ouds is deur geloof in die geslagde lam en die bloed aan die deurkosyne gered, maar deur gehoorsaamheid aan Torah geseën. Dit was van die begin af YHVH se orde vir die mens.

'n Torah leefwyse het niks te doen met wettiesheid, of om deur wetsonderhouding geregverdig te wil word, of om tot die genade van YHVH te wil toevoeg, of daarvan weg te wil neem nie. Nee, dit het wel alles te doen met 'n lewe as uitgeroepenes – as 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom en 'n heilige (afgesonderde; *set-apart*) volk wat die deugde verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9). Ons wat voorheen geen volk

was nie, maar nou deel van die volk van YHVH, naamlik Israel, geword het, leef nou volgens Sy onderrig, instruksies, wil en wysheid, naamlik ons Vader se Torah.

BESTUDERING VAN TORAH

In die lig van al bogenoemde is dit dus duidelik hoekom elke gelowige die Torah – die eerste vyf boeke van die Skrifte – moet bestudeer. Hierdie is die begin van YHVH se profetiese verhaal wat die einde bekend sal maak. Dit vorm die basis en die begrip van YHVH se herstel van die mens en die Skepping deur Yeshua die Messias. Dit is die basis, naamlik die fondament, van ons geloof en dus van ons verhouding met ons Vader.

Die bestudering van Torah is die studie van die eerste vyf boeke van die Skrifte (Bybel). Dit is reeds vir eeue die gebruik dat daar elke week op *Shabbat* ‘n gedeelte uit die Torah, asook ‘n gedeelte uit die profete (Nevi'im) en die Geskrifte (Kethuvi – Psalms, Spreuke, Rut, ens.) gelees en bespreek word. Hierdie gebruik het reeds in die tyd van Yeshua en die apostels bestaan. Die verdeling (54 in totaal) is op so ‘n wyse dat die Torah in sy totaliteit in ‘n een jaarsiklus gelees word.

Talle Messiaanse gelowiges volg ook hierdie gebruik van die weeklikse lees en bestudering van die Torah Skrifgedeeltes, maar met die verskil dat Skrifte uit die nuwe testament ook bygevoeg word. Die hoofdoel van die weeklikse Torah Skriflesings is juis om Yeshua Messias in die Torah te ontdek en in die proses ook blootstelling te kry aan ons Hebreeuse wortels (oorsprong en verbintenis) van ons geloof. Hierdie ontdekkingsreis geskied aan die hand van kommentaar en verduideliking van die weeklikse Torah Skriflesing. Die kommentaar en bespreking is deur Messiaanse Torah-kenners wat goed onderig is in Hebreeus, asook in die kultuur en tradisies van die destydse en hedendaagse Israel.

Talle van Yeshua se leringe en gelykenisse word eers werklik duidelik indien daardie agtergrond verstaan word. Die bestudering van Torah help ons om die nuwe (hernieude) verbond beter te verstaan en bevat ook die onderrig en instruksies hoe om ons geloof prakties uit te leef. Dit is ‘n openbaring van YHVH se totale reddingsplan en van Sy wil vir die mens.

Die bestudering van Torah is ook ‘n ontdekkingsstog van die Hebreeuse kultuur, taal en denke. In die verband moet die volgende onthou word:

- ❖ Ons dien ‘n God wat gekies het om Homself eerstens aan die Hebreërs (Israel, Jode) te openbaar. YHVH is die God van Abraham, Isak en Jakob wat ook ons geestelike voorvaders is.
- ❖ Die Skrifte het ‘n Hebreeuse karakter, want dit is deur Hebreërs (Jode) en aan Hebreërs geskryf. Die Hebreeuse denke, kultuur en lewensbeskouing is in die bladsye van die Skrifte verweef en verskil in vele opsigte van ons eie Hellinistiese georiënteerde denke en lewensbeskouing.
- ❖ Die Hebreeuse taal is uniek en deurstek van geheimenisse wat ontdek moet word. Baie van hierdie geheimenisse is vir die Westerse (Hellinistiese) denke vreemd en het verlore gegaan met die vertaling en verklaring van die Bybel.

Our sacred literature (Hebrew) does not use obscure language, but describes most things in words clearly indicating their meaning. Therefore it is necessary at all times to delve into

the literal meaning of words to achieve complete understanding of what is actually meant.
Rabbi Samson Raphael Hirsch (1808-1888)

*Reading the Bible in translation is like kissing your new bride through a veil. Haim
Nachman Bialik (Joodse digter, 1873-1934).*

Ons kan die versekering gee dat elkeen se geestelike lewe verryk sal word deur die weeklikse Torah Skriflesings. Hierdie is geestelike diamante wat die Ruach HaKodesh (Heilige Gees) sal slyp tot nuwe openbaringe en kennis van Abba YHVH en Yeshua Messias. Dit is die fondament van ons geloof en die pad van ware vryheid en seëninge deur gehoorsaamheid.

Talle lede van ons Torah-Klub kan reeds getuig van die seën en geestelike groei wat hulle ervaar sedert hulle begin het met die bestudering van Torah. Deur Torah bou ons aan die verhouding met YHVH ons Vader en maak Hy vir ons die deur oop tot die genietinge en seëninge van die hernieude verbond.

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie
dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Nota: Ons wil elkeen wat nog nie deel van ons Torah-Klub is nie, nooi om aan te sluit. Die gepaardgaande kommentare is in beide Engels en Afrikaans beskikbaar. Kontak vir Madeleine van Heerden per e-pos by: corban@telkomsa.net. Sy is verantwoordelik vir die Torah-Klub en sal elkeen help om hierdie ontdekkingstog van Torah 'n ware geestelike en lewensveranderende belewenis te maak.

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen
veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die
naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

GB3.Feb12FondamentGeloof